stultify the individuality and humanity of man. It challenges the hitherto religious outlook and the established politico-economic structure of society, and directly and indirectly it has encouraged the growth of irreligion and communism, to the extent that man's way of life and his very image are under threat of radical change. Jerusalem, which gave the ancient world a pattern of life and outlook that has supported mankind to the present, has once again been vouchsafed by history the occasion to evolve an answer to the current philosophies that menace our further advance along the path that our forefathers, with the aid of God, made through the wilderness of life.

## CHRISTIAN FAITH AND SOCIAL ACTION

The controversy in the church over social action, wrote the editor of The Presbyterian Journal (U.S.A.), has come about "because too often a proper **action** has been replaced by an **activism** which is not a true response to the Gospel, nor obedience to the Gospel.".

While he recognized that the Gospel commits Christians to an active concern for the poor, the downtrodden and disenfranchised, for justice, righteousness and peace, the editor said, "Helping the poor has become, for some clergymen, not merely an adjunct to the Gospel, but a substitute for the Gospel. They do not labor to relieve poverty and misery because first of all they are religious people. **This is their religion!** It is not love growing out of a personal knowledge of Jesus Christ that has constrained them, but a humanitarian concern for the plight of people."

"Social activism" he continued, "is seen wherever the Church enters the social arena without the Gospel; the coffee house where good fellowship prevails but never an evangelistic testimony; the 'experimental ministry' which works for good housing but not to win people to Christ; the boycott of business firms through Project Equality and other means, to secure social justice only. Of such according to the Bible, is **not** the kingdom of heaven."

(R.E.S. News Exchange).

# *Letters — Briewe*

## GESPREK OM DIE WAARHEID

**Nico van Loggerenberg, V.D.M., Posbus 246, Benoni.**

Ek wil my dank betuig vir die openheid wat *Pro Veritate* handhaaf om my briewe met 'n redaksionele byskrif te plaas en u vriendelike aandag word gevra vir die volgende.

1. *Weggelaat. Sien „redaksionele byskrif"*.

2. Waarom handhaaf die Redakteur die misleidende siening van:

„Apartheid is 'n pseudo-evangelie — in openlike konkurrensie met die Bybelse heilsboodskap — waarvan ons geen heil kan verwag nie"? Apartheid is tog 'n verouderde en statiese begrip wat lankal met die huidige en dinamiese beleid van *eiesoortige, gelykwaardige ontwikkeling* op staatkundige vlak vervang is, en die kerk worstel lankal met die Bybelse gedagte van differensiasie en eiesoortigheid. Om hierdie rede is die redaksionele artikel *Die „Tragedie" van Suid-Afrika* 'n „tragedie", want dit hou nie tred met die waarheid nie. Dit kan ook nie op waarheidsgronde verdedig word nie, maar op hierdie „pseudo-evangeliese" redeneertrant kan die Redakteur nog lank voorttower.

3. Die vergesogte en humanistiese Skrifverklaring oor „die Christen en die burgerlike hof" is 'n ewe groot „tragedie". Dit gaan tog nie hier om 'n humanistiese spitsvondigheid of die burgerlike howe nou Christelik is of nie. Dit gaan hier om die *Bybelse waarheid en imperatief* dat die „onregverdiges" die burgerlike regspraak verteenwoordig, al is dit vandag geheel anders, en dat die „heiliges" die gemeente (kerk) verteenwoordig en dat die heiliges hul regsake in der minne moet skik. Die skrywers van hierdie spitsvondige artikel kan tog nie sonde (laster) met sonde (ongehoorsaamheid aan die Bybel) regverdig nie. Matt. 18:15-18 skryf tog die Bybelse weg voor en I Kor. 6:1 gee aan die heiliges as eksklusiewe lewensverband 'n bevel wat gehoorsaam moet word. Daarom moet die hele betoogtrant as 'n stuk onverwerkte en Skriflose humanisme verwerp word, en moet dit Bybels gehandhaaf word dat mnr. Beyers Naudé en prof. A. Geyser geen Bybelse grond ter regverdiging van die hofgeding kan aanvoer nie. Meer gehoorsaamheid aan God beteken meer gehoorsaamheid aan sy Woord. Daarom moes hulle eers die Bybelse weg uitgeput het voordat hulle die burgerlike hof genader het.

4. Dit was ook vir my interessant dat die Redakteur die onwetenskaplike en histories onjuiste skrywe van mnr. J. A. Duigan sonder 'n redaksionele byskrif laat verbygaan het. Is die Redakteur tevrede dat mnr. Duigan die waarheid deur middel van *Pro Veritate* vergeet, om die Protestantisme te verketter? Het *Pro Veritate* nou 'n propaganda-medium van die aanmatigende en Bybels-vreemde Roomse geloof geword? Die onverdraagsame bitsigheid van mnr. Duigan is 'n tipiese voorbeeld van die Roomse misnoeë teen die Protestantisme, die onbybelse mensgeloof van Rome teen die Bybelse geloof van die Protestant. Daarom moet die sogenaamde frontverandering van Rome en sy konsilie met 'n ware Christelike Skrifgehoorsaamheid van die hand gewys word en die „pseudo-evangelie" van „eenheid" en „saam-wees" van die humanistiese ekumene moet verwerp word.

Miskien verdien die gedagtes van „iemand soos ds. Van Loggerenberg" nie 'n ou ruimtetjie in *Pro Veritate* nie, en tog sal dit waardeer word indien die redaksie met die openheid kan voortgaan, want 'n gesprek om die waarheid is altyd vormend en leersaam. Daarom dank ek u vir die opname hiervan.

★

Op die sake wat ons korrespondent opper, antwoord ons kortliks soos volg:

*1. Ons volstaan met ons beslissing van verlede maand. Die eerste punt van sy brief is derhalwe heeltemal weggelaat.*

*2. Die antwoord kan gevind word in die inleidingsartikel waarna verwys word. Lees dit asseblief weer.*

*3. Die skrywers handhaaf hulle standpunt en verwerp die beskuldiging wat teen hulle gemaak word. Voorts raai hulle ds. Van L. aan om af te sien van sy „eksklusiewe lewensverband"-gedagte. Dit is nie alleen onrealisties nie maar berus ook op 'n misverstand van die Bybelse heilsboodskap. Verder staan dit vas dat niemand hom hoef te kwel dat hy „sonde" gedoen het as hy beskerming van sy reg verkry het by dié instan-*